

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

30c

Tuesday 2 June 1987

WINDHOEK

Dinsdag 2 Junie 1987

No. 5374

## CONTENTS:

## INHOUD:

*Page*

*Bladsy*

### GOVERNMENT NOTICES

No. 91	Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972: Authorization to sign certain documents .....	2
No. 92	Determination of period under section 1(2) of the Amnesty Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 3 of 1980) .....	2
No. 93	Proposal that a portion of district road 1914 be deviated: District of Karibib ...	3
No. 94	Notice in terms of Section 15 of the Apprenticeship Ordinance, 1938 .....	4

### GENERAL NOTICES

No. 134	Village Management Board of Gochas: Closing of portion of public park .....	5
No. 135	Municipality of Mariental: Amendment of Native Location Regulations .....	5
No. 136	Municipality of Windhoek: Amendment of Water Supply Regulations .....	6
No. 137	City of Windhoek: Permanent closing of Sard Street, Khomasdal, Ext 5 .....	7
No. 138	City of Windhoek: Permanent closing of Remainder of Erf 5197 and Erf 5196 Windhoek as streets .....	8

### GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. 91	Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972: Magtiging om sekere dokumente te onderteken	2
No. 92	Bepaling van tydperk kragtens artikel 1(2) van die Proklamasie op Amnestie, 1980 (Proklamasie AG. 3 van 1980) .....	2
No. 93	Voorstel dat 'n gedeelte van distrikspad 1914 verlê moet word: Distrik Karibib ..	3
No. 94	Kennisgewing kragtens Artikel 15 van die Vakleerling Ordonnansie 1938 .....	4

### ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 134	Dorpsbestuur van Gochas: Sluiting van gedeelte van openbare park .....	5
No. 135	Munisipaliteit Mariental: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies .....	5
No. 136	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Waterleweringsregulasies .....	6
No. 137	Stad Windhoek: Permanente sluiting van 'n gedeelte van Sardstraat, Khomasdal, Uitbr. 5 .....	7
No. 138	Stad Windhoek: Permanente sluiting van die Restant van Erf 5197 en Erf 5196 Windhoek as strate .....	8

**Government Notices****Goewermentskennisgewings****DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND  
MANPOWER**

No. 91 1987

**ADMISSION OF PERSONS TO THE REPUB-  
LIC REGULATION ACT, 1972: AUTHORIZA-  
TION TO SIGN CERTAIN DOCUMENTS**

Under section 53(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), the Cabinet hereby authorizes the undermentioned officers, being officers in the government service, to sign any order, warrant, permit, certificate or other document which may be issued under the said Act:

Margareth Susan Vilander  
Magareth Malgas  
Marissa Nicolene Louw  
Adam Kazombaruru

By order of the Cabinet

**A.Z. SHIPANGA**

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 29 April 1987

**DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN  
MANNEKRAG**

No. 91 1987

**WET OP DIE REËLING VAN DIE TOELAT-  
ING VAN PERSONE TOT DIE REPUBLIEK,  
1972: MAGTIGING OM SEKERE DOKU-  
MENTE TE ONDERTEKEN**

Kragtens Artikel 53(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), magtig die Kabinet hierby die ondergenoemde beamptes, synde amptenare van die regeringsdiens, om 'n bevel, lasbrief, permit, sertifikaat of ander dokument wat kragtens genoemde Wet uitgereik kan word, te onderteken:

Margareth Susan Vilander  
Magareth Malgas  
Marissa Nicolene Louw  
Adam Kazombaruru

Op las van die Kabinet

**A.Z. SHIPANGA**

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 29 April 1987

**DEPARTMENT OF JUSTICE**

No. 92 1987

**DETERMINATION OF PERIOD UNDER  
SECTION 1(2) OF THE AMNESTY PROCLA-  
MATION, 1980 (PROCLAMATION AG. 3 OF  
1980)**

Under subsection (2) of section 1 of the Amnesty Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 3 of 1980), it is hereby determined that a certificate referred to in subsection (1) of that section may

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE**

No. 92 1987

**BEPALING VAN TYDPERK KRAGTENS AR-  
TIKEL 1(2) VAN DIE PROKLAMASIE OP  
AMNESTIE, 1980 (PROKLAMASIE AG. 3  
VAN 1980)**

Kragtens subartikel (2) van artikel 1 van die Proklamasie op Amnestie, 1980 (Proklamasie AG. 3 van 1980), word hierby bepaal dat 'n sertifikaat in subartikel (1) van daardie artikel be-

be issued to a person who surrenders himself as contemplated in the said subsection (1) during the period 1 June 1987 up to and including 30 November 1987.

By order of the Cabinet

A.Z. SHIPANGA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 4 May 1987

doel, uitgereik kan word aan 'n persoon wat hom soos in genoemde subartikel (1) beoog, oorgee gedurende die tydperk vanaf 1 Junie 1987 tot en met 30 November 1987.

Op las van die Kabinet.

A.Z. SHIPANGA

Voorster van die Kabinet

Windhoek, 4 Mei 1987

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 93 1987

### PROPOSAL THAT A PORTION OF DISTRICT ROAD 1914 BE DEVIATED: DISTRICT OF KARIBIB

In terms of section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that, in the district of Karibib, the portion of district road 1914 described in paragraph (a) of the Schedule and shown on sketch-map P1360 by the symbols A-B, be deviated from the route so described and shown, to the route described in paragraph (b) of the Schedule and shown on sketch-map P1360 by the symbols A-A1-B.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 93 1987

### VOORSTEL DAT 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1914 VERLÊ MOET WORD: DISTRIK KARIBIB

Ingevolge artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat, in die distrik Karibib, die gedeelte van distrikspad 1914 wat in paragraaf (a) van die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1360 aangetoon word, verlê moet word van die roete aldus beskryf en aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van die Bylae beskryf en deur die simbole A-A1-B op sketskaart P1360 aangetoon word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Sekretaris van Vervoer, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

## SCHEDULE

- (a) From a point (A on sketch-map P1360) on the farm Gross Aukas 68 generally north-north-eastwards and more and more east-north-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1360) on the said farm.
- (b) From a point (A on sketch-map P1360) on the farm Gross Aukas 68 generally east-north-eastwards across the said farm to a point (A1 on sketch-map P1360) on the said farm; thence generally north-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1360) on the said farm.

## BYLAE

- (a) Van 'n punt (A op sketskaart P1360) op die plaas Gross Aukas 68 algemeen noordnoord-ooswaarts en al meer oosnoordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1360) op genoemde plaas.
- (b) Van 'n punt (A op sketskaart P1360) op die plaas Gross Aukas 68 algemeen oosnoord-ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1360) op genoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1360) op genoemde plaas.

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND  
MANPOWER

No. 94

1987

NOTICE IN TERMS OF SECTION 15 OF THE  
APPRENTICESHIP ORDINANCE, 1938

In terms of section 15 of the Apprenticeship Ordinance, 1938 (Ordinance 12 of 1938), the Cabinet hereby makes known that after consultation with the apprenticeship committee appointed in terms of the said Ordinance it proposes to further amend under section 13(1) of the said Ordinance clause 2 of the conditions of apprenticeship prescribed by paragraph (c) of Government Notice R. 2473 of 1973 by the addition to subclause (1)(b) of the following proviso:

“Provided that an apprentice in the trade Diesel Mechanic, Motor Mechanic or Tractor Mechanic who is in possession of a certificate issued by the Department of National Education or any other educational authority recognised by the Registrar, indicating that he has successfully completed a one-year practical training course in Diesel, Motor and Tractor Mechanics (integrated), shall be deemed to have completed the first year of the said period before he commenced his apprenticeship.”

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN  
MANNEKRAG

No. 94

1987

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 15  
VAN DIE VAKLEERLINGE ORDONNANSIE  
1938

Ingevolge artikel 15 van die Vakleerlinge Ordonnansie 1938 (Ordonnansie 12 van 1938) maak die Kabinet hierby bekend dat hy na beraadslaging met die vakleerlingskomitee ingevolge die genoemde Ordonnansie aangestel van voorneme is om kragtens artikel 13(1) van genoemde Ordonnansie klousule 2 van die voorwaardes van leerlingenskap voorgeskryf by paragraaf (c) van Goewermentskennisgewing R. 2473 van 1973 verder te wysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subklousule (1)(b) te voeg:

“Met dien verstande dat 'n vakleerling in die bedryf Dieselwerktuigkundige, Motorwerktuigkundige of Trekkerwerktuigkundige wat in besit is van 'n sertifikaat wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding of 'n ander onderwysowerheid deur die Registrateur erken, uitgereik is, waarin verklaar word dat hy 'n eenjarige praktiese opleidingskursus in Diesel-, Motor- en Trekkerwerktuigkunde (geïntegreerd) met sukses voltooi het, geag word die eerste jaar van gemelde leertyd te voltooi het voordat hy met sy leerlingenskap begin het.”

Any objection to the proposed amendment may be lodged with the Secretary: Central Apprenticeship Committee, Private Bag 13200, Windhoek, within fourteen days from the date of publication of this notice.

By order of the Cabinet.

**D. BEZUIDENHOUT**

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 15 May 1987

Enige besware teen die voorgename wysiging kan by die Sekretaris: Sentrale Vakleerlingskomitee, Privaatsak 13200, Windhoek, binne veertien dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing ingedien word.

Op las van die Kabinet

**D. BEZUIDENHOUT**

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 15 Mei 1987

## General Notices

## Algemene Kennisgewings

No. 134

1987

### VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF GOCHAS

#### CLOSING OF PORTION OF A PUBLIC PARK

Notice is hereby given in terms of section 35 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) that the Village Management Board of Gochas proposes to permanently close a portion of erf 74 (a public park).

**C.H. VAN NIEKERK**

SECRETARY

7 May 1987

No. 134

1987

### DORPSBESTUUR VAN GOCHAS

#### SLUITING VAN GEDEELTE VAN OPENBARE PARK

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 35 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) dat die Dorpsbestuur van Gochas voornemens is om 'n gedeelte van erf 74 ('n openbare park) permanent te sluit.

**C.H. VAN NIEKERK**

SEKRETARIS

7 Mei 1987

No. 135

1987

### MUNICIPALITY OF MARIENTAL: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Mariental has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 201 of 1967, as amended, as set out in the Schedule.

No. 135

1987

### MUNISIPALITEIT MARIENTAL: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Die Raad van die Munisipaliteit Mariental het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 201 van 1967, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

The said amendments have been approved by the Cabinet under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

#### SCHEDULE

Annexure V is hereby amended -

- (a) by the substitution in item 3 (i) for the amount "R13,00" of the amount "R15,60";
- (b) by the substitution in item 3 (ii) for the amount "R10,00" of the amount "R12,00"; and
- (c) by the substitution in item 8(c) for the amount "R1,75" of the amount "R5,25".

Genoemde wysigings is deur die Kabinet goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

#### BYLAE

Aanhangsel V word hierby gewysig -

- (a) deur in item 3(i) die bedrag "R13,00" deur die bedrag "R15,60" te vervang;
- (b) deur in item 3 (ii) die bedrag "R10,00" deur die bedrag "R12,00" te vervang; en
- (c) deur in item 8 (c) die bedrag "R1,75" deur die bedrag "R5,25" te vervang.

No. 136

1987

#### MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS

The Council of the Municipality of Windhoek has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Water Supply Regulations promulgated under Government Notice 138 of 1973 as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Cabinet under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

#### SCHEDULE

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 35:

#### "35. QUANTITY OF WATER REGISTERED AND PAYMENT THEREFOR:

- (1) The quantity of water registered by the meter as having been supplied to any consumer shall, unless the Council determines any other quantity in terms of subregulation (3), be deemed to be the quantity actually supplied.

No. 136

1987

#### MUNISIPALITEIT WINDHOEK: WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES

Die Raad van die Munisipaliteit Windhoek het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Waterleweringsregulasies afgekondig by Goewermmentskennisgewing 138 van van 1973 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Kabinet goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

#### BYLAE

1. Regulasie 35 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

#### "35. HOEVEELHEID WATER GEREGISTREER EN BETALING DAARVAN:

- (1) Die hoeveelheid water wat deur die meter geregistreer is as aan 'n verbruiker gelewer, word, tensy die Raad ingevolge subregulasie (3) 'n ander hoeveelheid bepaal, as die hoeveelheid beskou wat werklik aldus gelewer is.

(2) The quantity of water so registered or determined by the Council in terms of subregulation 3, as the case may be, shall be paid for by such consumer at the rate or charge for the time being prescribed in the tariff.

(3) The Council may, upon the written request of any consumer, determine that a smaller quantity of water than the quantity of water registered by the meter be deemed to be the quantity which was actually supplied to the consumer if any wastage of water occurred as a result of leakages in the underground service pipes of the consumer concerned: Provided that the Council shall not reduce the quantity of water registered by the meter by more than half of such quantity.

(4) The provisions of this regulation shall not be so construed as to compel the Council to read a particular meter exactly at the end of any month, quarter or any other period."

2. Regulation 47 is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) Subject to the provisions of regulation 35, no consumer shall be entitled to any rebate in respect of the wastage of water due to faulty fittings or undetected leakages in his service pipes."

(2) Die hoeveelheid water wat aldus geregistreer is of wat deur die Raad ingevolge subregulasie (3) bepaal is, na gelang van die geval, moet deur sodanige verbruiker betaal word teen die tarief of koste wat op daardie tydstip in die tarief voorgeskryf word.

(3) Die Raad kan, op skriftelike aansoek van 'n verbruiker, bepaal dat 'n kleinere hoeveelheid water as die hoeveelheid water wat deur die meter geregistreer is, as die hoeveelheid beskou moet word wat werklik aan die verbruiker gelewer is indien daar 'n vermorsing van water plaasgevind het as gevolg van lekkasies in die ondergrondse dienspype van die betrokke verbruiker: Met dien verstande dat die Raad nie die hoeveelheid water wat deur die meter geregistreer is met meer as die helfte van sodanige hoeveelheid mag verminder nie.

(4) Die bepalings van hierdie regulasie word nie so uitgelê nie dat dit die Raad verplig om 'n besondere meter juis aan die einde van 'n maand, kwartaal of 'n ander tydperk te lees nie."

2. Regulasie 47 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Behoudens die bepalings van regulasie 35, is geen verbruiker geregtig op enige korting ten opsigte van die vermorsing van water as gevolg van defekte toebehoore of onopgemerkte lekkasies in sy dienspype nie."

No. 137

1987

## CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF SARD STREET,  
KHOMASDAL, EXT 5

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1833/A which lies for inspection

No. 137

1987

## STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE  
VAN SARDSTRAAT, KHOMASDAL,  
UITBR. 5

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1833/A wat

during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

A Portion of Sard Street, Khomasdal, Extension 5.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ  
TOWN CLERK

gedurende kantoore in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

'n Gedeelte van Sardstraat, Khomasdal, Uitbreiding 5.

Besware teen die voorgename sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ  
STADSKLERK

No. 138

1987

CITY OF WINDHOEK  
PERMANENT CLOSING OF REMAINDER  
OF ERF 5197 AND ERF 5196 WINDHOEK AS  
STREETS

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1931 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

REMAINDER OF ERF 5197 AND ERF 5196  
WINDHOEK AS STREETS

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ  
TOWN CLERK

No. 138

1987

STAD WINDHOEK  
PERMANENTE SLUITING VAN DIE  
RESTANT VAN ERF 5197 EN ERF 5196 WIND-  
HOEK AS STRATE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1931 wat gedurende kantoore in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

DIE RESTANT VAN ERF 5197 EN ERF 5196  
WINDHOEK AS STRATE

Besware teen die voorgename sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ  
STADSKLERK